CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Bekendstelling - Net voor die droogte my breek

Saterdagoggend 23 November 2019, was in goeie Afrikaans, 'n WOW-geleentheid met die bekendstelling van ***Net voor die droogte my breek*** (WOW = welbehaaglike, opbouende, welgevallige…)

Die treffende titel met die "my" in kontrasterende rooi gedruk, het dadelik die oog gevang. Slim uitgedink deur Amanda Carstens van CLF, wie se droom deur hierdie boek waar geword het.

Geskryf deur Anoeschka von Meck, vertel die boek lewensverhale van die vele boere in droogtegebiede wat sy oor drie maande en oor 12 300 km heen, besoek het.

Dié boek gee erkenning aan die rare oorlewingsvermoë van die Suid-Afrikaanse boer.

Sjarmante seremoniemeester, Danny Fourie, het sake glad laat verloop. Ná 'n paar treffende sangitems met reën, droogte en emosie as tema, het Martelize Brink, bekende omroeper van RSG, 'n insiggewende onderhoud met die skrywer gevoer oor haar belewenisse tydens dié projek. Die boere se lewens en getuienisse het haar lewe omvorm.

Vlnr: Anoeschka von Meck, Burre Burger en Martelize Brink

Danny Fourie en Dana Snyman

Dana Snyman, wat die voorwoord geskryf het, het op kenmerkende wyse getoor met woorde en na Burre Burger, die droogtehulp-man met grenslose inisiatief, verwys as iemand wat 'n presidensiële toekenning behoort te ontvang.

Dit is dié Burre wat in die boek sê: *Die Here weet hoekom Hy my gered het en party dae baklei ek en die Here sommer lekker, want party dae raak ek ook maar soos 'n Karooboer moeg, moeg van die droë tonele, dooie diere en die gekla en huil. Ek is ook maar net mens. Min het ek geweet die dag toe Jesus my wou gebruik om die boere-ding te doen, dat Hy my elke dag só gaan toets. Maar die Here weet... En nou bid ons nie meer vir reën nie, maar vir die Here se nabyheid om te bly glo en hoop te midde van elke beproewing.*

Hierdie geleentheid is diep in elkeen wat daar was se harte ingegraveer sodat ons altyd sal onthou…

As jy 'n lewensbelegging wil maak, sorg dat jy ***Net voor die droogte my breek***, in die hande en gelees kry. Bestel dit by www.clf.co.za, of skakel 021 873 6964 of stuur 'n e-pos aan order@clf.co.za